

Towerlantern Fotografie

# fotografienuus

februarie 2023

*Skemeraand-lig* – Lensopening: f2,8; Sluiterspoed: 3/8 sekonde; Fokale lengte: 100 mm

Sedert die begin van 2023 was daar nog nie 'n enkele dag in Potchefstroom – en ek glo by elke leser se plaas of dorp of stad ook – wat daar nie beurtkrag was nie.

Almal kla oor die ongerief, en met gœie reg. Almal besef egter ook dat kla nie sal help nie. Fotografienuus wil met hierdie uitgawe 'n paar "positiewe uitvlœisels" in verband met beurtkrag bespreek. Dalk help dit jou om minstens in jou gemœd bietjie lig te kry.

Wat fotografie self betref, die een positiewe uitvlœisel wat ons wil bespreek word saamgevat met die woord beurtkrag-fotografie (ons maandtema, en 'n woord wat jy sekerlik nog nooit gehoor nie!).

Soos voorheen al genœm, met Fotografienuus wil ons steeds 'n blaadjie vir fotograwe en belangstellendes in fotografie wees. Jy kan dus kommentaar lewer op enige van ons artikels; of jy kan jou eie artikel skryf. Geniet hierdie uitgawe; en as dit nie vir jou lig bring nie, gebruik dan jou kamera, fotografeer die lig, en stuur dit vir ons.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk
**Bladuitleg:** Fransa van Colourcode Designs

*Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.*

# voorbladfoto

Voordat ons oor die voorbladfoto gesels, laat ons eers verduidelik wat ons bedœling is met die begrip "beurtkrag-fotografie". Die bedœling is eenvoudig net: Benut die geleentheid wat donker nagte bring. Die bedœling is wel nie dat jy net foto's mag neem gedurende die tye wat daar beurtkrag is nie!

Miskien is jy so gelukkig om op 'n plaas in die Karoo of Kalahari te bly, of om soms daarheen te gaan, dan het jy reeds die voorreg van donker nagte. Ander, die meeste van ons, het nie dié voorreg nie. Dus mœt ons die geleentheid wat die donkerte van beurtkrag bring, benut – selfs al is dit net vanaf jou eie tuin!

Die een voordeel van aandfotografie is dat die wind tipies minder waai. Fokussering is dan makliker. Let op by die voorbladfoto na die een enkele uit-stekende infokus stuifmeelhofie se stammetjie wat sigbaar en in fokus is; en dit met 'n sluiterspœd van 3/5 sekonde! Natuurlik kan so 'n foto slegs met 'n driepoot geneem word. Die groot lensopening help vir selektiewe fokussering.

Ten slotte, wat die voorbladfoto betref, let op na die mooi homogene agtergrond wat sonder, pixelrigheid, genœm ruis (Engels: *noise*) is. Dit is te danke aan die læ ISO-waarde van 100. Ons gesels verderaan nog weer oor ruis in 'n foto.

# BEURTKRAGFOTOGRAFIE

Om aan te sluit by wat reeds gesê is, moenie die saak "beurtkrag" bloot net negatief sien nie. So asof jou leuse is: beur voort deur beurtkrag. Kom ons dink eerder aan 'n paar positiewe sake rondom beurtkrag.

Die eerste om te noem is natuurlik donker nagte vir fotografie – ons kom later in hierdie bespreking daarop terug.

Nog 'n positiewe gevolg van beurtkrag is dat al hoe meer huishoudings hul toevlug neem na (effens negatief) kragopwekkers met dieseldampe maar veral na (baie positief) sonpaneelstelsels. Skielik kan jy nadat installasie hiervan gedoen is, in 'n sekere mate "vry" wees. Nog 'n baie positiewe saak is ook windturbines op huishoudelike skaal en dan verder windplase, waarvan daar al heelwat in Suid-Afrika is en hopelik heelwat meer wat sal bykom. Lees verderaan ook oor wat ons fotovriend Werner Knoll wat in Berlyn woon, skryf, en wie se werk dit is om herstelwerk aan windturbines op see te doen!

Terug na donker nagte: Het jy al daaraan gedink dat planeet- en sterfoto's of sterstrepe op hul beste is as die omgewing vanwaar die foto's geneem word, donker is? Het jy al gedink watter mooi landskapfoto's jy kan neem met slegs die maan se lig, en geen elektriese ligte nie?

Sien beurtkrag dus as een geleentheid om foto's van die naghemel of -veld te neem. Maar, gelukkig meer nog, jy kan donkernag-foto's ook van die veiligheid van jou werf of voorstoep af neem – en die donker tegniek selfs tuis goed onder die knie kry.

Slaan gerus Fotografienuus se uitgawe van Januarie 2021 na vir 'n volledige beskrywing van ster- en sterstreepfotografie. Soos al die Fotografienuus-uitgawes vanaf Maart 2017, is dit te kry by https://www.towerlantern.co.za/nuusbriewe.html

Jy is baie welkom om enige tyd van jou pogings vir ons te stuur – ons help graag. Wees net gewaarsku: Soos met baie ander dinge in die lewe kos dit ook oefening! Sterkte daarmee.

# WENKE
## vir beurtkragfoto's

Nagfotografie, waarvan beurtkragfotografie 'n onderafdeling is, behels 'n groot aantal genres. Ons nœm 'n paar:

- ✓ Goggas, waaronder vuurvliegies
- ✓ Industriële gebiede met rook en stoom
- ✓ Landskappe met of sonder sterrebeelde
- ✓ Maan, planete en sterre
- ✓ Maanverligte riviere en damme, met weerkaatsings
- ✓ Paaie, met of sonder vœrtuie
- ✓ Stede en geboue
- ✓ Verlate, maanverligte geboue
- ✓ Vuurwerke en naglewe
- ✓ Weerlig en donderstorms

Bron: https://en.wikipedia.org/wiki/Night_photography

Ons gee wenke rakende nagfotografie maar dit geld net so vir beurtkragfotografie:
Soos dagfotografie kan nagfotografie groot pret wees – maar daar kom 'n bepaling by: jy mœt jou kamera se "instelknoppies" toe-oë ken!




Dink en beplan gœd voordat jy jou vir 'n fotosessie in die donker in waag. Neem selfs vooraf-foto's as dit nog skemer is. Sake soos algemene opstelling, komposisie en beligting-instellings (Engels: *exposure settings)* bly steeds belangrik.
Mœt nooit van veiligheid vergeet nie. Dit is waarskynlik in jou tuin nie nodig om 'n "oppasser" te hê nie. Wat egter baie help is om iemand te hê vir geselskap, hulp of bloot net samesyn in die donker.
Vaardigheid kom slegs deur praktiese œfening – maar wenke help wel ook.
Dwing jouself om foto's in die donker te neem – al mœt jy jou onderwerp vir 'n begin met 'n selfoon belig.

# Leer ken **ruis** voordat jy gaan reis


Ruis (Engels: *noise*) is 'n elektroniese verskynsel by foto's wat só is dat die donker gedeeltes in 'n foto baie pixelrig vertoon. Dit kom voor by hoë ISO-stellings. ISO kan verstaan word as die vermoë van die kamera om 'n foto vas te vang. Hœ hoër die ISO-waarde, hœ vinniger die vasvang van die foto, en hœ meer pixels word as't ware oorgeslaan. Ons beveel altyd vir ons studente aan om die kamera se ISO so laag as moontlik te stel. 'n Tipiese læ waarde is 100.

'n Praktiese voorbeeld om ISO mee te illustreer, is die volgende: Gestel jy het verf om 1 vierkante meter muur te verf. Jy dœn dit in 10 sekondes. Gestel nou jy het net 5 sekondes om dieselfde taak te verrig. Natuurlik sal dit nie so deeglik gedœn word nie, selfs dalk "gaterig". As jy 2,5 sekondes het, is dit nog erger. Hierdie is miskien 'n swak voorbeeld, maar dit behoort jou 'n gevœl te gee van wat ruis is.

Die twee foto's hierby illustreer die saak. Die klein foto is die oorspronklike foto met 'n lensopening van f2,8, 'n sluiterspœd van 30 sekondes en 'n ISO van 12 800 (wat dœlbewus totaal oordœn is). Die groot foto toon die boonste regter kwart van die klein foto, vergroot om die effek te sien. Die ruis (pixelrigheid) is baie duidelik sigbaar.







*« Van sterstof tot kleurstof – Rona Jacobs*

## waardering van ons *lesers*

Ons spoor ons studente aan om die lewe raak te sien – en dit behoort almal se siening te wees.

Rona Jacobs van Blœmfontein vat dit só mooi saam:

Tydens die feestyd het ek en my kamera ook so bietjie vakansie gehou. Dit was net hier en daar wat ek kans gehad het om 'n foto of twee te neem.

Wat ek egter wel opgemerk het is dat ek foto's met die oog geneem het vanuit verskillende hœke en deur gordyne, ensovoorts. My kreatiewe sy is nou weer gereed om lewe te kry.

## OPMERKING OOR RIGLYNE OP DIE VOLGENDE BLADSYE

Ons besef dat dit nie vir almal ewe maklik is om in die donker nag die veld in te gaan vir nag-landskapfotografie nie. Daarteenoor behoort dit vir byna alle lesers maklik genœg te wees om in die tuin te gaan foto's neem. Daarom gee ons riglyne vir fotografie vanuit jou tuin, naamlik die twee genres nabyfotografie en maanfotografie.

As jy slegs 'n selfoonkamera het en jy wil die donker nag benut, probeer dit. 'n Selfoondriepoot sal handig wees. Verder mœt jy ook in 'n mate vaardig wees met die PRO-instellings op jou selfoonkamera (byvoorbeeld ISO en sluiterspœd).

Aan elke leser: Dœn gerus navraag oor die verdere riglyne vir donkernag-fotografie as jy wonder oor iets. Ons help graag.

# RIGLYNE VIR NAG-NABYFOTOGRAFIE

**KAMERA-INSTELLING:** Vir hierdie aanwysings word aanvaar dat jy 'n nabyfoto-toneel voor jou in die tuin het. Verder word aanvaar dat die kamera op 'n driepoot is. Indien nodig, kan jy die toneel eers met jou selfoon belig – dit kan help vir fokussering. Volg dan hierdie voorskrifte:

### TIPE LENS

As jy 'n makrolens het, gebruik dit; andersins 'n lens waarmee jy redelik kan inzoem.

### FORMAAT

Enige formaat, selfs vierkantig.

### ISO

Gebruik die laagste ISO-waarde, byvoorbeeld 100.

### WITBALANS

Eksperimenteer self, probeer selfs AWB.

### FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING

Wees presies met die keuse van fokuspunte, byvoorbeeld by die derdepunte in die toneel.

### LENSOPENING

Kies die grootste lensopening, byvoorbeeld f4.

### SLUITERSPOED

Gebruik die liniaal vir 'n "korrekte" stelling; varieer soos nodig.

### FYN FOKUSSERING

Neem foto's en kontroleer die fotoskerpte; pas aan.

*Towerlantern Fotografie*
- februarie 2023 -

# RIGLYNE VIR NAG-MAANFOTOGRAFIE

**KAMERA-INSTELLING:** Gebruik beslis 'n driepoot. Kry die maan op die LCD-skerm; dit mag wees dat jy effens moet soek. Weens die aarde se rotasie sal dit beslis gebeur dat die maan van die skerm afloop. Verstel die kamera dus voortdurend om die maan te volg. Doen nou die volgende voorskrifte:

### TIPE LENS

Omdat jy met 'n redelike klein veld te doen het, kan jy heelwat inzoem.

### FORMAAT

Enige formaat, selfs vierkantig.

### ISO

Gebruik die laagste ISO-waarde, byvoorbeeld 100.

### WITBALANS

Eksperimenteer self.

### FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING

Kies 'n prominente plek op die maan soos 'n maankrater. Pas presiese fokussering toe.

### LENSOPENING

Kies die grootste lensopening, bv. f4.

### SLUITERSPOED

Gebruik die liniaal vir 'n begin. Onderbelig dan stelselmatig totdat die kraters op die maan sigbaar is.

### FYN FOKUSSERING

Neem foto's en kontroleer elke foto eers voordat jy verder gaan.

*Towerlantern Fotografie*

- februarie 2023 -

# NUUS *vanaf Towerlantern*

## Komende kursus: Gevorderdevlakkursus

Het jy pas die eerstevlakkursus afgehandel, of wil jy die rœs van ou kennis afkrap? Oorweeg dan om ons gevorderde kursus by te woon. Jy sal verbaas wees hœveel jy gaan leer – teoreties en prakties.

Jy kan hierdie kursus direk dœn nadat jy die eerstevlakkursus afgehandel het. Daar kan selfs 'n mate van oorvleueling wees aangesien die tweede kursus by dieselfde onderwerpe begin as die eerste. Ons nœm dit want soms reken mense hulle mœt na die eerste kursus self eers œfen voordat hulle die volgende aanpak. Dit is egter 'n denkfout – die tweede is juis 'n inskerping van die eerste.

Die inhoud van die kursus kan soos volg saamgevat word:

- ✓ Komposisie en kleur
- ✓ Lig – en jou kamera
- ✓ Lig – jou kreatiwiteit en die kamera
- ✓ Van kreatiwiteit tot kunsfotografie
- ✓ Met kreatiwiteit na stillewefotografie
- ✓ Met kreatiwiteit na mens- en dierfotografie
- ✓ Met kreatiwiteit op reis
- ✓ Met kreatiwiteit na die natuur

**Algemeen:** Die kursus bestaan uit 8 klasse en strek oor 8 maande. Aandag word veral gegee aan praktiese aspekte van hierdie genres.

**Vereistes:** 'n SLR-kamera met verstelbare instellings word hoog aanbeveel. So ook 'n driepoot.

**Aanvangsdatum:** Die begindatum is DV 22 Februarie 2023.

**Werkwyse:** Die klasse word een keer per maand aangebied. Die kursus strek dus oor 8 maande, met 'n moontlike wintervakansie-breek.

**Fooi:** R1000 per persoon vir die hele kursus.

**Kontakpersoon en -adres:** Johan de Klerk 082 884 7061; johan@towerlantern.co.za

**Het jy pas die eerstevlakkursus afgehandel? Oorweeg ons Gevorderde kursus.**

**NUUS** *vanaf Towerlantern*

# Komende kursus: Spesialiskursus

Ken jy jou kamera gœd, maar jy wil jou graag op bepaalde onderwerpe dieper ingrawe? Dan is ons Spesialiskursus net die regte keuse vir jou.

Ons varieer die inhoud in 'n mate van jaar tot jaar. Vir 2023 beplan ons om tweemaandeliks aandag te gee aan 4 van die volgende genres (as jy egter geïnteresseerd is in ander, kan ons daaroor gesels):

- ✓ Natuurfotografie
- ✓ Nabyfotografie
- ✓ Mensfotografie
- ✓ Impressionistiese fotografie
- ✓ Kreatiwiteitsfotografie

**Wil jy jou dieper ingrawe in fotografie? Dan is ons Spesialiskursus net die regte keuse.**

Sou jy in hierdie sake belangstel, word jy uitgenooi om vir hierdie kursus in te skryf. Die verdere inligting is soos volg:

**Algemeen:** Die kursus bestaan uit 8 klasse en strek oor 8 maande. Aandag word veral gegee aan die praktiese aspekte van hierdie genres.

**Vereistes:** 'n SLR-kamera met verstelbare instellings is noodsaaklik. So ook 'n driepoot.

**Aanvangsdatum:** Die begindatum is DV 15 Februarie 2023.

**Werkwyse:** Die 8 klasse word gestruktureer as 4 dubbelmaand-geleenthede. By die eerste sessie word die onderwerp bespreek en prakties beœfen. By die tweede sessie word die student in 'n sekere mate aan hom-/haarself oorgelaat om tydens 'n drie uurlange fotosessie by drie verskillende terreine foto-opdragte uit te vœr.

**Fooi:** R1000 per persoon vir die hele kursus.

**Kontakpersoon en -adres:** Johan de Klerk 082 884 7061; johan@towerlantern.co.za

NUUS *vanaf Towerlantern*

# Komende kursus: Fotovriende

Dit blyk dat baie van die studente van Towerlantern Fotografie na afloop van 'n kursus nog steeds vœl hulle wil aanhou foto's neem. Natuurlik sal sommige dit indiwidueel wil dœn, maar ander verkies die samesyn en die ligte druk van 'n grœp. Daarom het ons reeds in 2021 aanlyn begin om hulp aan te bied in die vorm van wat ons 'n fotovriende-grœp nœm. Hierdie grœp is oop vir enige persoon wat sy/haar kamera baie gœd ken.

Hiermee word jy uitgenooi om by hierdie vriendekring aan te sluit. Die volledige inligting is soos volg:

**Algemeen:** Die vriendekring is informeel. Jy kan aansluit vir 'n korter of langer tydperk – daar is geen voorskrif nie; ook geen fynskrif nie. Die idee is dat jy maandeliks foto-opdragte kry om uit te vœr.

**Vereistes:** 'n SLR-kamera met verstelbare instellings is noodsaaklik. So ook 'n driepoot.

**Aanvangsdatum:** Die begindatum is DV 1 Maart 2023. Jy kan egter op enige latere tydstip bykom. Daar is geen vaste tema nie – elke maand is op sy eie.

**Werkwyse:** 'n Opdrag word aan die begin van 'n kalendermaand gestuur. Die opdragfoto's, in die vorm van 'n PowerPoint-aanbieding met ongeveer 5 foto's, mœt teen die einde van die maand ingestuur wees. Evaluering word binne die daaropvolgende 10 dæ gedœn en aan almal gestuur. So leer almal by almal.

**Fooi:** Daar is drie registrasie-moontlikhede:

- ✓ Maandeliks: R50 per maand
- ✓ Kwartaalliks: R135 per kwartaal
- ✓ Jaarliks: R480 per jaar

**Kontakpersoon en -adres:** Johan de Klerk 082 884 7061; johan@towerlantern.co.za

Wil jy saam in 'n aanlyngrœp foto's neem? Fotovriende bied so 'n geleentheid.

# OP INTERNET GESIEN

Die *Dog Photography Awards* is 'n jaarlikse kompetisie en fokus op die kunssinnigheid by die neem van trœteldierfoto's. Dink aan verskeie komposisie-elemente as jy weer trœteldierfoto's neem, byvoorbeeld tekstuur, kleur, kontras of selfs emosie.



Die foto hierby is geneem deur Sanna Sander, finalis in die Portret- en Landskapafdeling.
Kyk hier vir inspirasie by: https://shortest.link/eLYO

Mœnie kla oor die vlieë en insekte nie … gaan kry net jou kamera. Hierdie foto is geneem deur Hrodulf Steinkampf, en ons het dit op die Facebookblad van *SA Butterflies, Bugs, Bees and other small things* raakgeloop.
Lees meer by https://shortest.link/fucj




## BESONDERE FOTO VAN DIE MAAND

Fotografienuus is op sœk na jou mees besondere Februarie-foto met die tema "Windturbine" of "Sonpaneel", gekoppel aan "geen beurtkrag":

- ✓ Die foto mœt gedurende Februarie 2023 geneem wees.
- ✓ Die keerdatum is 24 Februarie 2023.
- ✓ Die saak is nie 'n kompetisie nie. Die keurpaneel sal besluit oor die verdere hantering van die ingestuurde werke. Erkenning sal aan almal gegee word in die daaropvolgende uitgawe.

# van ons lesers




- februarie 2023 -

van ons
# lesers

## *Die lig anderkant dié van die kamera*

Werner Knoll

*Werner Knoll en sy gesin woon in Berlyn, Duitsland. Die maatskappy by wie hy werk is Rotorworks. Dié is ook in Berlyn gebaseer. Besoek dit by https://rotorworks-group.de/?lang=en*



Sodra die ligte afskakel, begin my gedagtes outomaties *"Hello darkness my old friend"* deur Simon en Garfunkel, sing. Dit is dikwels moeilik om die silwer randjie te sien, bloot omdat die lyn jou nog nie bereik het nie. Regoor die wêreld belê lande meer en meer in groen hernubare energie wat hopelik op die lange duur 'n volhoubare en oorvloedige impak sal hê, ook vir ons nageslagte. Ek is 'n tou-toegangstegnikus wat meestal in Europa werk. Vir my is die silwer rand reeds duidelik terwyl ek deur pragtige lande en dorpe van windplaas tot windplaas reis met genoeg geleenthede vir fotografie.

Turbinelemme word aan baie strawwe toestande blootgestel. Hoë temperature, hoë spanning en soms hoë vibrasies het alles 'n impak op windturbines. Net soos 'n voertuig, het windturbines soms ook 'n diens nodig. Die natuur het ook 'n impak: donderweer, sneeu en temperature wat ver in die minusse reik. Yssensors moet gereeld vervang word en daar moet seker gemaak word dat ys nie op die lemme ophoop nie, want die laaste ding wat enige iemand wil hê, is om getref te word deur 'n massiewe vlieënde ys-vuurpyl, wat deur 'n lem van 17,4 ton voortgedryf word. As 'n kantnota kan ek byvoeg, in sterk wind kan 'n swaar lem se punt tot 300 kilometer per uur bereik!

Soms laat die aard van my werk my toe om baie ure per week met 'n kamera in die hand deur te bring. Van nature is ek geneig om altyd my kamera met my saam te dra, ongeag die toestande. Dikwels is ek 150 meter hoog bo die aarde of see, maar of dit nou reën of sonskyn, sneeustorms of beurtkrag is ... daar is altyd 'n fotogeleentheid wat wag. So, moenie dat die donkerte jou daarvan weerhou om die lig anderkant dié van die kamera te sien nie.


GAAN OP REIS
saam met Towerlantern
Towerlantern Fotografie
- februarie 2023 -
Dorper
Wind Farm

# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*

Jare gelede, en selfs vandag nog, is gerolde hooibale op 'n land 'n groot trekpleister vir skilders en fotograwe. Ons weet selfs van 'n skilder wie se man jare gelede bale op 'n land mœs rondrol sodat die komposisie na haar sin is!

Gaan gerus voort met bale op lande. Daar is deesdæ egter 'n verwante item vir reisigers, naamlik windturbines. Pak dus jou kamera in en gaan op reis! Besef net, turbines is groot strukture wat nie skuifbaar is nie, en as jy foto's wil neem sal jy die beste komposisie mœt sœk deur rond te ry.

As fotograaf, en fotobelangstellende, kan jy 'n reis deur Suid-Afrika beplan met die bedœling om windturbines af te neem. In sommige lande is dié turbines selfs op see, maar ons is gelukkig deurdat dit hoofsaaklik op land is. Besœk die Wikipedia-adres hierby om te sien waar en watter Suid-Afrikaanse windplase naby jou is. Dit behoort vir jou baie plesierig te wees want so kyk jy die tœkoms in, hopelik weg van beurtkrag af.



Die twee foto's hierby, geneem by die Dorper-windplaas in die Oos-Kaap tussen Molteno en Sterkstroom, lig 'n paar sake tœ waarop jy bedag mœt wees. Die foto links se komposisie werk nie (dis te 'n los bondel turbines), die turbine regs is raakgesny (maar sou gelukkig weggesny kon word), die turbine in die middel is effens skeef (maar sou gedraai kon word) en die telefoondrade is steurend (en kan ongelukkig net met mœitevolle redigering uitgehaal word). Die foto bo is baie beter. Wat miskien effens pla, maar daar kan verskil van mening wees, is die feit dat die turbine alleen is (maar gelukkig red die mooi wolke die saak).



## LEES HIER VERDER

https://en.wikipedia.org/wiki/List_of_wind_farms_in_South_Africa


# FOTO-*idees*

Idee 1: Gebruik laatmiddaglig om mooi wolkfoto's te neem.



*Towerlantern Fotografie*

- februarie 2023 -



# FOTO-*idees*

Idee 2: Maak baie laat in die middag sonweerkaatsings op water jou onderwerp.

# FOTO-*idees*

Idee 3: Sit by 'n straatkafee, bestel koffie en neem vragmotors en busse af.



# FOTO-*idees*

Idee 4: Benut aandskemer en 'n langerige sluiterspoed (bv. 4/5 sekonde) om 'n impressionistiese werk te skep.





# FOTO-*idees*

Idee 5: Verwerk enige van jou foto's waarin lig 'n groot rol speel om 'n onwerklike idilliese toneel te skep.